



Sinergie onderweg na 2025

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Jy skryf die lirieke en jou vriend komponeer die musiek. Afsonderlik is elkeen van julle goed in wat julle doen, maar gesamentlik is julle besig om 'n nuwe treffer te skep. Dit is sinergie.

Die merkwaardige opgang wat die Ndlovu-jeugkoor by *America's Got Talent (AGT)* gemaak het, is 'n goeie voorbeeld van sinergie. Jongmense uit Moutse wat een van die armste gemeenskappe in Limpopo is, word aan die begaafde koorleier, Ralf Schmitt, blootgestel – en skielik is hulle wêreldbekend.

Die opskrif *Sinergie onderweg na 2025* was ook die opskrif van Beskrywingspunt 1 wat tydens die pas afgelope Algemene Kerkvergadering (AKV) volmondig aanvaar is. Die woord *sinergie* herinner ook aan die Griekse woord *sunergeo* met dieselfde betekenismoontlikheid, naamlik die verwysing na samewerking en onderlinge ondersteuning tussen mense met 'n gemeenskaplike doel voor oë en tot beswil van die groter geheel.

Behalwe bogenoemde betekenismoontlikhede wat die term *sinergie* bied, is daar ook 'n populêre betekenismoontlikheid in die woord opgesluit, naamlik dat goeie sinergie altyd kwaliteite soos sin en energie na vore bring. Goeie lirieke in 'n lied met 'n pragtige melodie bring sin en betekenis aan die hoorders en skep gepaardgaande energie. Dink net aan die sin wat die Ndlovu-jeugkoor aan elke lid se eie lewe gegee het, asook aan die Moutse-gemeenskap, Suid-Afrika en elkeen wat deur hul suksesverhaal geïnspireer is. Die energie wat hulle op die verhoog uitgestraal het, energieer koorafrigters en potensiële koorlede wat iewers, ook aan die uithoeke van die land, hul voorbeeld wil nastreef.

Sinergie onderweg na 2025. Hoekom 2025? Die datum 2025 is betekenisvol omdat die bereiking van die datum oor ses jaar (twee termyne tussen AKV's) strek. 2025 word ook sterk aan die Vierde Industriële Revolusie gekoppel omdat dit die datum is waarvolgens 23 betekenisvolle skuiwe in die samelewing sal plaasvind of reeds sou plaasgevind het. Die Kerk behoort haar vroegtydig te posisioneer om 'n veilige hawe te skep vir diegene wat deur hierdie groot skuiwe ontwrig sal word.

Die Vierde Industriële Revolusie hou geweldige vooruitgang in, maar dra ook die kiem van grootskaalse werkloosheid, veral by ongeskooldes en beroepe wat maklik deur kunsmatige intelligensie vervang kan word. Dit hou die moontlikheid van geweldige verliese vir die mensdom in – sodanig dat diegene wat finansiële nie die voordele van hierdie ontwikkelinge sal kan bekostig nie, in 'n totale sin- en betekenislose bestaan kan verval. Dit is veral dan dat die Kerk met die singewende evangelie sin en betekenis aan 'n ontredderde mensdom kan bring. Ek is ook van mening dat dit die beroepe van predikante, geestelike versorgers en ander mensgerigte werkers is wat sal standhou.

Intussen moet die Kerk op sinergistiese wyse besig bly met omvattende gesprekke oor onderlinge samewerking tussen gemeentes, die effektiewe benutting van hulpbronne en die inwerkingstelling van missionale gemeentes.

Die evangelie van Jesus Christus gee sin aan alles, die Heilige Gees skep musiek, en die Kerk is soos 'n goed afgerigte koor wat 2025 op 'n aangrypende en harmonieuse wyse tegemoet sing en dans – dit is sinergie op sy beste.

Dr André Ungerer
Voorsitter: Kommissie van die AKV

Lief en leed

- **Mev Poppie Coertse** (69), lidmaat van Gemeente Magaliesmoot en moeder van mev Francis Nel van SENTIK, is Saterdagoggend 28 September oorlede na 'n groot hartaanval. Sy was geruime tyd in die hospitaal nadat sy ernstige komplikasies opgedoen na 'n onlangse skoueroperasie. Ons bid haar man, Hansie, en hul kinders die Heer se troos toe in hierdie hartseer tyd. Die roudiens vind plaas op Donderdag 3 Oktober om 10:00 vanuit Gemeente Magaliesmoot. Ds David Barnard sal die diens lei. Die teraardebestelling vind om 14:00 plaas by Donkerhoek-begraafplaas in Rustenburg.
- **Mev Lettie Truter**, lidmaat van Gemeente Rustenburg-Suid en moeder van mev Annerien Lewis van die Sinodale Dienssentrum, is Vrydag 13 September oorlede na 'n kort siekbed. Ons dink aan haar man, Jan, en hul familie in hierdie hartseer tyd. Die dankseggingsdiens op Vrydag 20 September was vanuit Gemeente Rustenburg-Suid.
- Gemeente Koster het 'n steunpilaar verloor toe **diak Gracia Strydom** (61) na 'n kort siekbed in die vroeë oggendure van Saterdag 10 Augustus oorlede is. Sy was 'n diep gelowige kind van die Here en het ten volle verstaan wat dit is om diensbaar te wees – sy het dit met 'n passie uitgeleef. Die gemeente mis reeds haar vriendelike geaardheid en harde werk. Die roudiens was op Donderdag 15 Augustus vanuit die gebou van die NG Kerk en is waargeneem deur ds Hein Kloppers.
- Dit gaan beter met emerituspredikant **ds JJC (Ogies) du Plooy** (78) nadat hy gesondheidsprobleme ondervind het. Hy en sy vrou, Eugenie, is innig dankbaar vir almal se gebede.
- Baie geluk aan **ds Etienne en Karin Fourie** van Gemeente Kempten, met hul huweliksbevestiging op Saterdag 28 September. Hy is getroud met sy matriekliefde van baie jare gelede, Karin Bezuidenhout (née Lindeque).



Diak Gracia Strydom



Ds Etienne en Karin Fourie

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Vrydag 4 Oktober: Ds SA (Schalk) Kok (Potchefstroom-Noord) en dr A (Annette) Potgieter (Rustenburg-Tuine)
 - o Saterdag 5 Oktober: Ds L (Leon) Janse van Rensburg (Namibkus)
 - o Sondag 6 Oktober: Di E (Etienne) Verhage (emeritus) en PF (Frikkie) Viljoen (Verwoerdburg)
 - o Maandag 7 Oktober: Dr PJ (Paul) de Beer (emeritus) en ds S (Steve) Oxton (Wapadrant)
 - o Dinsdag 8 Oktober: Prof JD (John) Gericke (emeritus/Setlaars) en dr WA (Willie) Strydom (Eikenhof/Johannesburg-Suid)
 - o Woensdag 9 Oktober: Prof WA (Wim) Dreyer (UP) en ds LJ (Sakkie) Meyer (emeritus)
 - o Vrydag 11 Oktober: Ds HJM (Hennie) Breedt (emeritus)

Gemeentes en bediening

- **Baie geluk aan die nuwe Kommissie van die AKV.** Die 72ste AKV het 'n kombinasie van ervaring en nuwe bloed verkies. Al die predikantslede van die Kommissie van die 71ste AKV was herkiesbaar, en vier van die ouderlingslede. Die AKV het die voorsitter, **dr André Ungerer**, herkies as voorsitter. **Prof Wim Dreyer** dien in die volgende termyn as visevoorsitter, met **di Willem Kok en Hannes van der Merwe** onderskeidelik as skriba en viseskriba. Die twee ander predikantslede is **di Colin Hertzog en Leon Geel**.

Die ouderlingslede van die Kommissie van die 71ste AKV wat herkies is, is **oudle Faan Beeslaar, Daniël Esterhuizen, André Pieterse en Dries le Roux**. **Oudl Fred Paynter** het vantevore reeds in die Kommissie van die AKV gedien, terwyl **oudle Pieter Mulder en Petro van Niekerk** as sekonduslede reeds in die verlede verskeie Kommissievergaderings bygewoon het. **Oudle Simon Kotzé en Nanette van Staden** is nou vir die eerste keer tot die Kommissie van die AKV verkies.

Die nutverkose Kommissie van die 72ste AKV het direk na afloop van die AKV gekonstitueer, en vergader vir die eerste keer op 21 en 22 November 2019.



Op die foto van die nutverkose Kommissie van die 72ste AKV is (agter) oudle Pieter Mulder, Fred Paynter, Nanette van Staden, Simon Kotzé, Faan Beeslaar, Daniël Esterhuizen, André Pieterse en Dries le Roux; en (voor) di Leon Geel, Colin Hertzog, prof Wim Dreyer, dr André Ungerer, di Willem Kok, Hannes van der Merwe en oudl Petro van Niekerk.

- Daar het 'n **bril en 'n bos sleutels** agtergebly na afloop van die AKV. Kontak mej Sonet Esterhuizen by diens@diakens.co.za daaroor.
- Volgens besluite van die vorige Kommissie van die AKV kan die volgende leraars voortgaan met hul huidige bedienings:
 - **Dr HJ (Hennie) Botes** vir 'n verdere 12 maande in **Gemeente Buffelspoort**.
 - **Ds PJE (Piet) Botha** tot 30 Junie 2020 in **Gemeente Klerksdorp**.
 - **Dr JP (Johan) Bester** tot 31 Julie 2020 in **Gemeente Pretoria-Noord**.
- **Ds BF (Berend) Greyling** van Grootfontein/Tsumeb aanvaar siekte-emeritaat vanaf 17 Augustus 2019, en **ds F (Ferdie) Nortjé** van Outeniqua vanaf 12 Junie 2019.
- **Ds ME (Mariaan) Beukes** is op 20 Julie 2019 losgemaak van Gemeente Meyerton-Suid. Sy is steeds predikant in Gemeente Meyerton.
- **Ds L (Leanie) Lemmer** (née Oberholzer), voorheen van Gemeente Pretoria-Oos en sedert verlede jaar beroepafwagend, het verhuis na Nieu-Seeland.
- **Ds Gerrie Senekal** van Gemeente Lichtenburg het op 18 September die **jaarvergadering van die Transvaalse Landbou-unie van Suid-Afrika** in Pretoria bygewoon. In die TLU SA se mediaverklaring na afloop van die vergadering was die boodskap dat hoewel verskeie uitdagings die Suid-Afrikaanse landbousektor teister, boere wel volhoubaar kan voortbestaan deur innoverend te dink en geleenthede raak te sien. Mnr Louis Meintjes, president van TLU SA, het gesê: *Volhoubare landbou kan op verskillende maniere omskryf word, maar uiteindelik beoog dit om boere en hulpbronne, sowel as omliggende gemeenskappe, te onderhou deur die bevordering van boerderyaktiwiteite wat winsgewend, omgewingsvriendelik en in belang van die gemeenskap is.*



- **Bydraes aan die Bybelgenootskap.** Die Bybelgenootskap se finansiële jaar eindig op 31 Oktober. Hiermee net 'n vriendelike versoek aan gemeentes om asseblief u bydraes vir 2019 nou reeds direk by die Bybelgenootskap in te betaal. Die **mikpunt** is steeds **een Bybel per lidmaat**, dit wil sê, **R55 per lidmaat per jaar**. Die eredienskollekte van Hervormingsondag, vanjaar op Sondag 27 Oktober, word per besluit van die AKV ook aan die Bybelgenootskap oorbetaal. Kontak Anne-Marie Malan by malan@biblesociety.co.za of 011 970 4010 vir navrae oor uitstaande bedrae, bankbesonderhede en die korrekte donateursnommer vir u gemeente. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en al die pogings wat aangewend word om te verseker dat God se Woord aan almal beskikbaar gestel word.
- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier.** Teologiestudente, predikante en dosente wat gedurende Desember 2019 in hierdie omgewing vakansie hou, word genooi om die volgende eredienste te lei:
 - o 25 Desember 2019: Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
 - o 29 Desember 2019: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
 - o 5 Januarie 2020: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00Vergoeding teen vasgestelde tariewe
Navrae: nhsabie@telkomsa.net
013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00
- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of nhkdullstroom@gmail.com om die **Sondag te bevestig**.

Vergaderings

- Dinsdag 8 Oktober: Kuratorium
- Donderdag 10 Oktober: ADV Finkom

'n Gedig

Ná die begrafnis van 'n kind

vanaand bly jy alleen agter, liefste kind
hemel, dis hoog bó ons vuurmaakplek

jy kan uitkom, ons skaam prinsessie
Pappa sal by jou waak in die donker
vir ingeval Hy jou vannag al kom haal
en jy in die verbygaan skelmpies tatta sê

Christo van der Westhuizen

(Uit: *Chrisalis*, 2019)

Kerklike publikasies

- **Lees in *Die Hervormer* van Oktober 2019**
 - o Die wilde dier is tussen ons...
 - o Die ADV se uitreike in die gemeenskap
 - o Karl Barth se boodskap vir die kerk van ons dagLees *Die Hervormer* volledig by <http://nhka.org/die-hervormer/>



- **Bybelse Dagboek / Almanak 2020**
R185 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel nou by sentik@nhk.co.za
- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
Was R180, nou net R100 (versending uitgesluit)
Bestel by sentik@nhk.co.za



Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergewone met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Basaars en markte

- **Gemeente Bronkhorstspuit**
Braairestaurant: Vrydagaand 4 Oktober vanaf 17:30
Kom geniet 'n heerlike kruisskyf met skyfies en slaai
Of 'n hamburger met skyfies
Basaar: Saterdag 5 Oktober vanaf 07:30
Beste kwaliteit vleis, pap-en-kaiings, kerrie-en-rys
Sampioene- asook tjips-op-'n-stokkie
Pannekoek, vetkoek, gebak, nagereg
Teetuin, kindertafel en vele meer
Kom geniet die dag saam met ons
Navrae: 013 932 2929

- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
24, 25 en 26 Oktober
Delyweg 100, Waterkloofpark
Uitstallers welkom
Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
kersmark@pretoriaoos.com
- **Emily Hobhouse-tehuis: Basaar en Kontreifees**
Saterdag 26 Oktober 08:00-15:00
Malherbestraat 55, Capital Park
Pannekoek, *jaffles* en meer
Vars vleis, groente en gebak
Hulp nodig met gebak, bestanddele en by tafels
Gaskunstenaar Gary Forwood, baie uitstallers
Navrae: 012 323 4891

Kommentaar

Oor die webblad, lokflits 19 September 2019: *Die dominee wat sy oppak met ons gedeel het, het ook nou die hartseer in my losgeskryf. Ek is die ma van 'n vreemdeling in Australië. Mense kan so maklik praat van die lafaards wat weghardloop. Min weet hulle van die seer, hartseer en verlange na daardie ver kind. Hy is nie daar omdat hy wou nie. Hy is daar omdat hy nie anders kon nie en allermens het hy weggehardloop. Gelukkig gaan ek binnekort kuier vir drie maande. Maar sal dit ooit genoeg wees? Is dit nie die laaste keer nie? Om op my ouderdom daar te kom, kos baie geld en opoffering. Dan het ek nog nie my vliegkaartjie nie. Om ekonomies te vlieg, kos baie ure. Ek vertrek Donderdagnag om eers Saterdagmiddag by my bestemming aan te kom. En dié keer is ek alleen. Met die vorige kuier was Pa by...* (Rene van Wyngaarden)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, Heilige Gees,
U waai soos die wind oor duisend koringlande,
binne en buite die grensdrade,
want u wind waai waar hy wil.
Here, Heilige Gees,
U is die son wat op die grond skyn
en die kleinste saadjie tot lewe laat ontkiem,
sodat dit tot 'n yslike boom kan groei.
Here, Heilige Gees,
U is die moederarend wat onder haar kleintjies sweef.
Uit die hoogtes hou U u kinders sorgsaam dop.
U is ver verhewe bo die storms van die wêreld.
Here, Heilige Gees,
U is die wit wolk waarin ons kan skuil.
U is die een wat ons by ons Broer Jesus bring,
sodat ons ons kop op sy skouer kan laat rus.
Here, Heilige Gees,
in die liefde van vriende bou U vir ons 'n gesellige huis.
Die hemel is oral waar U by ons is.
U sing u soet lied in elkeen se hart wat deur U by God uitkom.

James K Baxter

(na 'n tradisionele gebed uit Nieu-Seeland)

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)